

22 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 6:19-34

Fokusgedeelte: Matteus 6:21

Wat is jou grootste skat?

Wees nou eerlik: "Wat is jou grootste skat, waarop is jou hart gefokus? Kom ons let op twee lewensnoodsaaklike beginsels:

- Waar "nie" skatte bymekaar gemaak moet word nie.
- Waar "wel" skatte bymekaar gemaak moet word! In jou antwoord lê jou ewige toekoms! Nogal belangrik nê!

In hierdie gedeelte praat Jesus oor geld en goed ... aardse skatte en die waarde daarvan. Die Jode was 'n handeldrywende volk wat groot waarde aan aardse goedere geheg het! Daarom vind Jesus dit ook nodig om daarvoor te praat en Hy doen dit nie met die Jode alleen nie, maar met alle volke! Dit is die aard van die mens om skatte bymekaar te maak waar dit nie regtig nodig is nie! Ja, skatte wat sy hart grootliks aan die aarde vasknoop!

Wat verstaan ons onder skatte? Kyk maar na daardie karbonkel van 'n diamant aan jou vinger en die byna onbekostigbare motor! Die tragiese hiervan is dat dit alles verganklik is! Uiteindelik gaan ander dit geniet en selfs vermors! Nou gee Jesus vir ons kosbare raad: "Maak vir jou skatte in die *hemel* bymekaar"! Weet jy, in die hemel is nie "motbolle" nodig nie ... en geen dief kan die hemel binnedring nie – daar is jou skatte veilig! Watter soort skatte is *waardig* genoeg vir die hemel? Dit: Rig net die kern van jou lewe, jou hart natuurlik, op die bymekaarmaak van hemelse skatte! Wat is dit? Niks anders nie as die algehele oorgawe in geloof, hoe swak ook al, en gehoorsaamheid aan God!

Ja, jy is reg, jy is mos 'n gelowige! Liefde is die SKAT, liefde vir God en liefde vir jou naaste! Buig laag in opregtheid voor God, in aanbidding, in skuldbesef en berou en offer 'n woordjie van troos en bemoediging aan jou naaste! *Dit* is die offer aan Jesus Christus wat jou met sy "liefdesbloed" vrygemaak het! God vra niks meer nie ... dit is "hemelse skatte"! Het jy geweet dat *alles* wat jy hier op aarde doen en vergader 'n dankbaarheidsoffer aan God is, dan is *dit* skatte in die hemel!

Nog 'n laaste vraag: "Waar is die hemel en hoe kry ek die skatte daar?" Bekommer jou nie daarvoor nie! Die hemel is waar God woon, die engele tuis is, waar die siele van ons dierbares wat gesterwe het, is en vanwaar Jesus weer sal kom! God is alomteenwoordig! God aanskou al jou werke en jou "liefdesskatte" koester Hy aan sy bors! Wees nou regtig eerlik! Waar is jou "hart"... jou HELE HART?

Sing: Psalm 40:4 (Totius)

Ds. J Marais (Emeritus)